



TOULEIER

Makietie in Dohar



Dinge is darem duidelik nog nie so doelloos en des moers hier in Doha as wat sommige van julle dink nie. Die pragtige paartjie Lody en Riaan Welgemoed staan nou al 'n paar jaar lank aan die spits van die sosiale welsyn van ons Saners hier in Katar.

Hulle en die komitee het weer soos gewoonlik uitgehaal en gewys met die jaarlikse April-bal. Die keer was dit by die Doha-gholfklub en die manne met die strikdasse het die abajdraers weereens gewys hoe 'n pikkewyn eintlik moet lyk. Om nie eens van die dames te praat nie!

Kyk, niemand kan darem kers vashou by 'n mooi aandrokaangetrekte Sanermeisie nie. (Kaal lyk hulle ook nogal heel skaflik.) Aan die begin van die aand het ons gekyk na 'n skyfievertoning van al die aktiwiteite waaraan die klub die afgelope jaar deelgeneem het.

Die skyfies se agtergrondmusiek was liedjies soos "Shosholoza" en ander bekendes wat die hart weer na die suidpunt van Afrika laat trek het. Ook maar goed hulle nie "De la Rey" gespeel nie, anders het ek weer 'n dingetjie in die oog gekry wat 'n mens net met 'n sakdoek kan uithaal.

So elke veertig dae en veertig nagte lei Riaan en Lody gereeld 'n konvooi karre die woestyn in. Soms gaan ons na die singende duine, soms na die 'binnelandse' en ander kere kyk ons almal noord en neuk voort. Altyd lekker, altyd ook 'n vleisie oor die kole. Enige een vir 'n varktjoppie? Wat jy wa' kry??

Terug by die dans: Die makietie en die kos was moers lekker. Dankie dat julle ons genooi het, Gerhard en Annene. Al waaraan ek swaar gesluk het, was die skroefprop Drostdydhof multivariteit En Cape Red wat 'n mens R260 gekos het. Maar nou ja, jy moet nie kla met die witbrood onder die arm nie, sê nou daar was glad nie drank nie!

Laas maand se breinboelie het net agt korrekte inskrywings gelewer. Geluk Nelis, jy is ons Maart-wenner! Kontak my asseblief vir jou prys.

Nou wil ek net by julle weet, was die kopkrapper te taai? Of kry julle net nie tyd daarvoor nie? Om te toets, het ek dié maand 'n vreeslik maklike een ingesit. (by 'n laerskoolkind gekry) Net om jou antwoord in te stuur, is amper moeiliker! Gaan dus gerus, as jy 'n blaaskansie het en die breinspiere so effe wil oefen, na die boelieblad op die webwerf en staan 'n kans om 'n geskenkbewys van tussen R100 en R300 te wen.

En so van geld gepraat, dankie vir die vele van julle wat die moeite gedoen het met daai uitnodiging van my laas maand. Dis rêrig die moeite werd om R45 per maand te bestee aan gereelde motiveringsboodskappe en terselfde tyd die skep van 'n passiewe inkomste vir jousef. Kom ons erken dit maar, dis lekker om darem so nou en dan aanmoediging te kry in hierdie ou taai lewe van stryd en ergenis, nè?

Vir dié wat nog twyfel oor of dit nie net nog 'n piramide is nie, onthou hulle is geregistreer by die Departement van Handel en Nywerheid, een van instansies wat darem nog staan vir iets.

Vir dié wat nog nie gaan kyk het na die ding nie, hier is die skakel:

<http://www.BeMotivatedToday.com/40348>

Jy kan vir nege dae gratis aansluit en eers kyk en daarna besluit of jy die R45 wil bestee.

Komaan, sluit aan. Al wat jy daarna doen is mense verwys na jou eie soortgelyke werf wat BMT vir jou skep.

Soos jy, besluit hulle dan self. Geen verkope nie. Geen produkkennis nodig nie. Jy doen dit op jou eie tyd op jou eie teiken. Ek kry ná slegs drie maande reeds baie meer as wat ek maandeliks betaal. Elke maand.

Dis R45 goed bestee, so meen ek. Jammer Anderkantlanders, dis tans nog net beskikbaar vir mense met SA rekeninge.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Allegaartjie

PIUK SENIOR OOMBLIK



Die windgat eerstejaartjie kom 'n man langs die see teë en vertel hom hoekom die ouer geslag nie die jonger geslag kan verstaan nie.

"Julle het primitief grootgeword," sê hy hard genoeg sodat almal kan hoor. "Ons word groot met TV, spuitvliegtuie, ruimtereise, 'n man op die maan, kernkrag, selfone en rekenaars."

Die ou man het bietjie gehuiwer, en antwoord toe:

"Jy is reg, seun. Ons het al daai goed waarvan jy praat, uitgevind. Sê my, jou arrogante klein stront: Wat doen julle vir die volgende geslag?"

Die applous was oorverdoewend.

Globale finansiële stelsels

NAMIBIESE KORPORASIE

Jy het twee koeie. Jy maak biltong.

AMERIKAANSE KORPORASIE

Jy het twee koeie. Jy verkoop een, en dwing die ander een om vier koeie se melk te maak. Jy is verbaas as die koei vrek.

SUID-AFRIKAANSE KORPORASIE

Jy het twee koeie. Jy toi-toi omdat jy drie koeie wil hê. Hulle raak gesteel. Jy blameer apartheid, steel iemand anders se twee koeie en skiet die eenaar dood.

ZIMBABWIESE KORPORASIE

'n Boer het twee koeie. Jy neem sy plaas in besig, slag albei koeie, eet hulle op en wag vir die internasionale gemeenskap om nog koeie te verskaf.

DUITSE KORPORASIE

Jy het twee koeie. Jy teel hulle sodat hulle 50 jaar oud word, een keer per maand eet en hulself melk.

BRITSE KORPORASIE

Jy het twee koeie. Albei is mal.

INDIESE KORPORASIE

Jy het twee koeie. Jy bid tot hulle vir kos.

ITALIAANSE KORPORASIE

Jy het twee koeie, maar jy weet nie waar hulle is nie. Jy breek vir middagete.

RUSSIESE KORPORASIE

Jy het twee koeie. Jy tel hulle weer, en kry vyf. Jy tel weer, en nou is daar 42. Met nog 'n telling is daar 12. Jy hou op tel en maak nog 'n bottel wodka oop.

SJINESE KORPORASIE

Jy het twee koeie. Daar is 300 mense wat hulle melk. Jy eis vir volle indiensneming, hoë produksie en arresteer die koerantman wat die storie skryf.

AUSTRALIESE KORPORASIE

Jy het twee skape. Die linkerkantste een lyk nogal oulik.

**Ek het gister gehoor drank is my baas.
Weet julle hoe LEKKER werk ek nou?**

**Geld kan nie geluk koop nie maar dis baie geriefliker
on in 'n Merc te sit en huil as op 'n fiets.**

**Baie mense lewe nog net omdat dit onwettig is om
hulle te skiet.**



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com



Eskimo sloping

BRUIDEGOM

"Ek is die naweek strooijonker en ek moet 'n toespraak maak. Enige idees?"

"Wel, ek was baie, baie jare gelede laas een, so ek weet nie juis nie. Moet net nie sê wat ek gesê het nie."

"En wat hét jy gesê?"

"Ek is seker ons stem almal saam die bruidegom kon 'n beter keuse gemaak het."

ONSKULDIG!

Die besturende direkteur lê besoek af en kry 'n baie vuil stoorkamer. In die hoek staan 'n man wat op sy besem leun.

"Die plek is vieslik vuil!" sê die direkteur.

"Dit lyk of dit vyf jaar laas gevee is!"

"Moenie vir my blameer nie," sê die skoonmaker. "Ek is nog net twee jaar hier!"

KORTPAD

Een van die personeellede het almal in die kantoor mateloos geïrriteer met sy stemtoon en sy neerbuigende houding.

Hy het dit agtergekom, en vra 'n kollega: "Hoekom vang almal dadelik 'n gly in my?"

"Ek dink," antwoord sy kollega, "hulle wil tyd spaar."

KORTES

Kennis is om te weet 'n tamatie is nie 'n vrug nie. Wysheid is om nie 'n tamatie in 'n vrugteslaai te sit nie.

As ek met jou saamstem, gaan ons albei verkeerd wees.

Ons leef in 'n tyd waar 'n pizza vinniger by jou huis aankom as die polisie.

Hoe kan 'n enkele argelose vuurhoutjie 'n bosbrand veroorsaak, maar dit neem 'n hele pakkie om 'n kampvuur mee te begin?

WAT 'N KOEI!

Die wyse ou kloostermoeder lê op sterwe en die nonne is rondom haar bed geskaar. Hulle gee vir haar 'n glas warm melk, maar sy weier dit.

Skielik onthou een van die bottel whiskey wat hulle een Kersfees gekry het. Sy maak die bottel oop, gooi 'n stywe knerts in die melk en gee dit vir haar.

Die kloostermoeder het versigtig geproe, weer geproe en die glas leeg gedrink.

"Moeder," sê een van die nonne, "gee vir ons goeie raad voordat jy sterf."

Die kloostermoeder het orent gebeur, en met 'n vreedsame uitdrukking op haar gesig gesê: "Moenie daai koei verkoop nie."

MEDISYNE

'n Nywerheidskeikundige stap by 'n apteek in en vra vir asetielsalisielsuur.

"Jy bedoel aspirien?" sê die apteker.

"Aaa!" sê die man, "ek kan nooit daai woord onthou nie!"

Moet nooit 'n man met 'n bril slaan nie ... gebruik liever 'n krieketkolf.

HÄGAR deur Chris Browne





Petronella

PRAAT PADLANGS

Die howe beslis en die volk gis. Intussen lag die mannetjie wat al die bohaai veroorsaak in sy mou en rits die wêreld vol met sy blink spogmotor. Ek vra myself die vraag af of dit die kool die sous werd is om so gaande te raak oor dit wat kwyt-geraak word op 'n by eenkoms waar so baie ongeletterde mense wat waarskynlik nie die volgende dag gaan onthou wat die vorige dag so los van 'n man se lippe afgerol het nie.

Laat ons nou eerlik wees. Hoeveel van die ondersteuners onthou al die leë beloftes wat gedurende 'n verkiesingsveldtog gemaak is. Termyn ná termyn luister hulle na al die huise, paaie en skoon water wat hulle gaan kry en jaar ná jaar wag hulle en niks gebeur nie. Wolf, wolf, hoe laat is dit? 'n Paar politieke kenners het dit nou eens: laat die PAC nou die werkie doen wat ons ander so graag gedoen wil hê. Ek hoef seker nie die man se naam te noem wat ter sprake is nie. Ons weet mos nou al wie's die grootste nar in die sirkustent in ons ou stukkie aarde onder aan die suidkus van Afrika.

Dis bykans winter en dit sous vir die vale in Gauteng. Die verkeer word middag ná middag ontwrig en die bouwerk aan die Gautrein sukkel. Sou dit nie vinniger gewees het om 'n kanaal tussen Tswane en Egoli te bou nie? Dan kon die pendelaars heerlike langs die N1 op 'n platboom skuif gevaar het.

Nou die anderdag, nadat die Blou Bulle weer 'n paar punte op die Super 14-lys opgeskryf het, luister ek hoe twee jong Duskantlanders sit en bespiegel of hulle die rugby halfeindstryd in die sokkerstadion in Soweto gaan bywoon. Praat van lojaal en hoopvol. Blou Bul-ondersteuners in Leeuwerêld op 'n sokkerstadion in 'n oorwegend swart woongebied. Daar is beslis hoop vir ons land.

Veral as ons in ag neem dat tannie (ek sien hulle verwys so na haar oor haar kleredrag) Gill Markus, die repokoers na die laagte sedert 1974 toe afgeskaal het. Sy kan aantrek net wat sy wil as sy so aanhou. Nou kan ons net hoop die inflasiekoers volg die voorbeeld na. Dalkies kan ons net begin huise bou een van die dae (as die reën ons dit toelaat).

Hoe lui die spreekwoord, die een se dood is die ander se brood. Terwyl Tiger sy wonde lek, ook blykbaar nie meer vir te lank nie, is Ernie besig om die wêreld aan die brand te speel in Amerika. Dis te lekker om te hoor hoe die man die een toernooi na die ander voor die Meesters inryg. Mooi so man. Ek sou nou graag vir die kraninge 800m-atleet van die Kaap ook so wou sê maar nou weet niemand nog met sekerheid of dit nou politiek korrek sou wees nie. Sy wil nou in Duitsland gaan hardloop maar die atletiekbase is nou te skaam om die feite oor vroeëre toetse bekend te maak. Hoe nou gemaak? Moet die befaamde atleet nou net in die niet verdwyn?

Die brandstofprys word toe nou net so voor die manne die lekker lang Paas-naweek tegemoet gaan aangekondig. Dit raak-raak nou net so aan die R9-00. Hoe nou gemaak. Wie kan nou nog bekostig om daai woonwa of boot agterna te sleep om so bietjie te gaan uitspan langs die waters? Dis nou seker 'n laaste gryp na 'n paar rande om die gate in die paaie toe te stop voor die Werêld sokker-geesdriftiges hier in die Piesangrepubliek aanland. Nog net 71 dae oor voor die groot dag aanbreek hoor ek vandag. Wat 'n vooruitsig. Ek kan al die skares sien dans in Rustenburg se strate. Wie het die beste kans om te wen? Smaak my die Duitsers is vinnig besig om die manne met die grootste kans op oorwinning te word.

Hoop net die spanne wat hier kom speel kan in die donker sien. Die grootste vakbond in die land dreig met 'n staking as Eishkom voorgaan met sy tarief-verhoging. Dis so soort van 'n "catch 22" situasie. Sonder geld kan hulle nie krag sentrales bou nie. Sonder werkers kan die land nie 'n Werêldbeker-toernooi aanbied nie. Sal interessant wees om te sien wie gaan wen. Veral as mens die stories kan glo oor die finansiële voordeel wat dit vir die die ANC inhou indien daar wel nog kragentrales gebou gaan word. Sela! Dink mooi en lank daaroor.

WAT OM VIR MANS TE KOOP

Baie vroue kla dat dit so moeilik is om vir mans geskenke te koop. Hier is 'n lys met wenke:



Moenie vir mans sokkies of dasse koop nie. Ook nie sakdoeke of japonne nie – as mans veronderstel was om japonne te dra, sou dit nie nodig gewees het om Jockeys uit te vind nie.

As jy twyfel, koop vir hom 'n koordlose boor. Maak nie saak of hy al een het nie, of dalk drie. 'n Man kan nooit te veel koordlose bore hê nie.

Niemand weet hoekom nie.

As jy nie 'n koordlose boor kan bekostig nie, koop enigiets met die woord "ratchet" of "socket" in. Mans hou daarvan om daardie twee woorde te sê. (Haai, Jan, kan ek jou ratchet leen?" "Ja, is jy klaar met my 13 mm socket?")

Niemand weet hoekom nie.

As jy min geld het, koop vir hom iets kleins vir sy kar. 'n Seemsleer-lap, 'n botteltjie karpolitoer of 'n herbruikbare lisensiehouer. Mans is dol oor geskenke vir hul karre.

Niemand weet hoekom nie.

Koop vir mans 'n etiket-maker, dis amper so goed soos koordlose bore. Spoedig sal hy oral etikette oplak. Sokkies, Kortbroeke. Koppies. Toilet. Deur. Wasbak.

Niemand weet hoekom nie.

Mans hou van kettingsae, maar moet NOOIT vir die man wat jy liefhet een koop nie. As jy nie weet hoekom nie, verwys na wat gebeur as hy 'n etiket-maker present kry.

Tou. Mans is mal oor tou. Dit voer hom terug na sy verbintenis met die natuur, of sy dae in Die Voortrekkers. Niks sê "ek het jou lief" soos 30 meter van 10 mm manillatou nie.

Niemand weet hoekom nie.

Moenie vir 'n man fensie likeurs koop nie – dit bly vir 23 jaar in die kas staan. Regte mans hou van rooi wyn en brandewyn.

Mans is mal oor gevaar. Dis hoekom hulle nooit kook nie, maar maklik sal braai. Koop vir hom 'n monster-gasbraaier en sê vir hom die gastenk lek.

"O die spanning en opwinding! Die uitdaging! Wie het lus vir 'n Boereworsrol?"

Daar het julle dit, dames. Druk hierdie bladsy uit en plak dit by jou spieëtafel, en jy sal jou lewe lank 'n gelukkige man hê.

En steeds weet niemand hoekom dit so is nie.

Die TV-onderhoud

Op 'n plattelandse kanaal vir boere in Engeland het 'n vroulike TV-verslaggeefster wat navorsing doen oor die hoofsaake van malkoeisiekte, gereël vir 'n onderhoud met 'n boer wat 'n paar teorieë oor die siekte gehad het.

Verslaggeefster: "Ek is hier om inligting in te win oor die moontlike oorsake van malkoeisiekte. Kan u enige redes verskaf vir die siekte verskaf?"

Die boer kyk na haar en vra: "Het jy geweet 'n bul dek 'n koei een keer 'n jaar?"

Verslaggeefster (duidelik ongemaklik): "Wel, meneer, dis 'n brokkie inligting wat nie veel sin maak nie - hoe hou dit verband met die siekte?"

Boer: "En dame, weet jy dat ons koeie twee keer 'n dag melk?"

Verslaggeefster (effe geïrriteerd): "Meneer, dit is wel nuttige inligting, maar wat probeer u sê?"

Boer: "My punt is dit dame: Stel jou voor ek speel twee keer 'n dag met jou tieties en gaan net een keer 'n jaar verder - sal dit jou nie ook mal maak nie?"

Dié program het nooit die lig gesien nie . . .



Duskantlanders in Anderkantland

Teehuise net waar jy kyk

Omdat dit 'n toeristeplek is, beteken dit alles
is spotgoedkoop

Deur **GERHARDUS THOMPSON**

Hier in Taiwan weet ons ons is te lank hier wanneer ons nie meer *stinking tofu* op die markte ruik nie. Wanneer jy ook jou baadjie agterstevoor op die motorfiets aantrek.

Jy weet jy is in Taiwan wanneer jy 'n gesin van vyf op 'n motorfiets sien en die hond boonop tussen die man se voete sien uitsteek.

Wanneer jy as *teacher* aangespreek word.

Wanneer jy toiletpapier in die drommetjie langsaan gooi en nie in die toilet afspoel nie.

Wanneer jy gewoon op een dag in een stad van 'n gat in die grond primitiewe toilet tot 'n gewone toilet tot 'n ultra-moderne toilet kan kry, waar die deksel outomaties oopmaak wanneer jy aan die deur raak en jy dan 'n sanitasie-veeg voor jou verbaas-de oë kry en dan sit jy op 'n heerlik warmgemaakte ring. Wanneer jy opstaan, spoel hy alles gou-gou outomaties weg!



Ons woon en werk nou al die afgelope nege jaar aan en af in Taiwan. Ons bly tans in Jinguashi, so een uur noord van Taipei. Ons werk hier by 'n privaat skool in die berge en benewens die skool en die goudmuseum, is hier geen ander werkplekke nie, so almal wat hier bly, werk by die skool of die museum – een groot familie!! En dan net soveel mense soos wat hier werk (en dis 'n groot skool, hier werk 'n paar honderd mense), net soveel ou mense bly hier – gee Jiufin 'n dak en dis 'n ouetehuis! Dis een van die ongewoonste plekke vir Taiwan, want hier is nie 'n Seven Eleven stapafstand van ons af nie en die naaste Macdonalds is ook tien minute op die motorfiets ver.

Die Japannese het Taiwan van hierdie berg af regeer toe hulle in beheer was, en vandag nog is hier talle Japannese geboue, selfs ons skool was aanvanklik vir hul kinders opgerig. Gevolglik stroom toeriste op ons area af en naweke is elke moontlike parkeerterrein en pad en elke kaal kolletjie ingeneem. Pasop maar as jy jou voet optel, as jy hom wil neersit, is 'n ander ou se voet klaar daar!!

Jiufin is so vyf minute van ons af, baie bekend vir sy teehuise wat saans soos 'n sprokiesland lyk wanneer jy van onder die berg af kom en die hele berg soos 'n Kersboom verlig is.

Die meeste toeriste kom ook vir Old Street, dis 'n smal stegie waar jy die mure weerskante sal kan aanraak as jy jou arms uitstrek. Daar is enige tyd van die week minstens vyf of ses toerbusse se mense aan't beweeg tussen al die kosstalletjies, klere, juwele, snuisterye en aandenkings. En natuurlik is dit Taiwan: Omdat dit 'n toeristeplek is, beteken dit nie die goed is peperduur nie, alles is spotgoedkoop en die mense klim altyd weer in die bus met sakke en sakke vol goed. Naweke verses-dubbel die mense natuurlik.

Hier is wandelpaaie met Japannese afdakkies orals teen die berghange. Diegene wat nie kom tee drink of in Old Street kom koop nie, klim met laphoedjies en waterbottels van die bus af en hulle vaar die berge in. Hierdie mense het soveel energie, ons gewone mense is stokflou as ons net van hulle praat!

Ons skool kyk uit op die ou wye oseaan en ons ag onself baie bevoorreg om in so 'n mooi omgewing te kan bly, maar soms mis 'n mens die gerief en die ritme van die stad. Tog sal ons hierdie blyplek moeilik verruil.

Verder het ons vier klein vakansies 'n jaar en maak ons seker ons sit in 'n vliegtuig wanneer daai vakansies aanbreek. En dan krap ons kop wanneer ons die *permanent residence* moet invul, want die enigste huis wat ons op ons naam besit, is in Bulgarie.

Ons het 'n potjie en braai soms en, net so terloops, al wat nasie is, is gaande oor die potjie en hulle kan almal ten minste een Afrikaanse woord goed uitspreek en dis potjie.

Andersins loop ons op nagmarkte rond en eet worsies of vrugte van 'n stokkie af of klim op die motorfiets en vaar die berge in, op soek na avontuur!



**Malinda Thompson en
haar man, die skrywer.**



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

Kook vir gesondheid

Elke seisoen het sy eie beskikbaarhede, maak gerus gebruik daarvan, en onthou: KRUIE en SPESERYE, gee smaak aan kos, en verminder die behoefte aan sout, suiker en kunsmatige bymiddels. Baie het ook medisinale kragte, so gebruik gerus meer daarvan.

Die WGO beveel die 5-'n-dag groente- en vrugteplan aan om ons bewus te maak van goeie gesondheid en die voedingswaarde wat vrugte en groente inhou. Dit beteken 'n mens moet gemiddeld twee tot vier porsies vrugte en drie tot vyf porsies groente per dag inneem as deel van 'n eetpatroon om 'n gesonde, gebalanseerde leefstyl te handhaaf. Vrugte en groente is bekostigbaar, laag in kilojoules en vet en propvol vitamieë, minerale en vesel.

Voorbeelde van een porsie vrugte: Een medium vrug, een koppie (250 ml) opgesnyde vars vrugte, 'n halwe koppie vrugtesap, 'n halwe koppie ingelegde vrugte, 'n kwart koppie droëvrugte.

Voorbeelde van een porsie groente: 'n Halwe koppie opgesnyde rou of vars groente, een koppie rou blaargroente.

n Voorbeeld van 'n gesonde maaltydplan vir die dag lyk só:

Ontbyt: Muesli, vars vrugte en 'n glas vrugtesap.

Middeloggend: Appel.

Midagete: Volgraan broodjie met skyfies avo en 'n groot mengelslaai met hoenderrepies.

Middelmiddag: Nog 'n vrug/droëvrugte/vrugtesap

Aand: Wortels, aartappel in skil, bone, vis met vars suurlemoensap.

Aangesien dit nog somer is, kyk hoe jy genoeg vrugte in jou dieet kan insluit!

ROCHELLE ROSSOUW van *Landbouweekblad* sê:

"Om daagliks groente en vrugte te eet, is 'n belangrike deel van 'n gesonde lewenstyl. Boonop sal die veelsydigheid daarvan sorg dat jy nooit vervelige, vaal etes op tafel hoef te sit nie.

Vrugtestokkies gerol in sesamsaad

6 groot aarbeie

3 kiwivrugte, in blokkies gesny

50 g druie

50 g papaja, in blokkies gesny

50 g appelliefies

50 ml grenadellapulp

50 g sesamsaad

Ryg die vrugte op stokkies. Rol in grenadellapulp en dan in die sesamsaad.

Plaas in die yskas. Bedien met natuurlike jogurt. Lewer ses stokkies.

Gedroogde vrugte-kaaskoek

5 droë appelkose, fyn gekap

7 droë appelringe, fyn gekap

30 ml suurlemoensap

15 ml bruinsuiker

250 g ricotta

250 g laevetroomkaas

50 g amandels, gekap

2 eiers

125 ml strooisuiker

30 ml suurlemoensap

6 brosbroomkoekies, gekrummel

Vars appelliefies, om af te rond

Voorverhit die oond tot 180° C. Verhit die droë appelkose, droë appelringe, suurlemoensap en bruinsuiker saam in 'n kastrol. Meng die ricotta, roomkaas, eiers en strooisuiker saam. Voeg die vrugtemengsel by en plaas in 'n voedselverwerker. Plaas die gekrummelde brosbroomkoekies in individuele ramekins en vul met die vrugtemengsel. Bak vir 10 minute. Bedien met vars appelliefies. Genoeg vir vier mense.

Volgende keer, vier ons die herfs met heerlike SLAAIE en dan, net betyds vir die winter, kyk ons na GROENTE!

BESOEK RETHA SE WEBWERF BY <http://www.onsdorp.com/somaakmens/>



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

COETZEE

singa@telkomsa.net

My Oupa was Johannes Cornelius Jakobus Coetzee. Oorlede 15/7/1949. Van die Pearston omgewing. Getroud met Martha Catharina Bouwer. Oorlede 3/8/1949. Hulle het 11 kinders gehad en het omtrent 1915 vanaf Pearston na Krugersdorp verhuis. Enige inligting sal waardeer word.

JORDAAN

elizejw@barvallei.co.za

My pa Cornelius Johannes Jordaan (18/06/1940) getroud met Leona Haasbroek (6/03/1948). Oupa Jordaan was Dawid Benjamin Jordaan. Sal graag meer inligting wou ontvang oor die Jordaan nageslag.

PIENAAR

coetserm@hseldo.co.za

Jacques Pinard 1688 in Kaap tot WDJ Pienaar (1922 - 2007) veral Mosselbaai se Pienars en genl. Dan Pienaar se familie en nasate.

SWANEPOEL

jacobus.swanepoel@eskom.co.za

Oupagrootjie was Willem Cornelis Swanepoel, oupa Mynhardt Adriaan Willem Swanepoel. Boer te Weltevreden, Boons-distrik Koster, Transvaal.

RADEMAN

merl@webmail.co.za

Ek soek meer inligting van my 3xoupagrootjie Christoffel Jacobus Rademan, oorlede 24 Februarie 1900. Hy het 8 kinders gehad waarvan die twee laasgeborene seuns 'n tweeling was. Hulle is op 12 Mei 1899 gebore en het op 'n tyd in Brakpan gebly. Ek soek foto's en meer inligting.

SMITH

centart@gmail.com

Ek is op soek na die stamboom van my oupagrootjie, Christiaan Mauritz Smith geb. tussen 1850-1860. Blykbaar was sy van English en toe hy hier aanland het hy sy van na Smith verander. Hy is toe getroud met 'n meisie Fourie.

VAN NIEKERK

annette@optoconsystems.co.za

My ouma, Elizabeth Maghareta van Niekerk (Smuts) is familie van Jan Smuts. Sou graag meer wou weet. Dan sal ek graag kontak wil maak met enig iemand met die van Benecke/Beneke.

VAN DER LINDE

ursulahvz@gmail.com

Soek na familie van Fillipus Daniel van der Linde, geb. 7 Jul 1876 en getroud met Catharina Petronella Homann.

MILITÊRE WYSHEDE

Wie ook al gesê het die pen is magtiger as die swaard het nog nie van outomatiese wapens gehoor nie. -- Genl. MacArthur

"Jy, jy en jy . . . raak paniekbevange. Die res van julle volg my." -- Infanterie-sersant

Onthou, ligkoeëls werk albei kante toe. -- Militêre handboek

"Vyf sekonde lonte brand ongeveer drie sekondes lank." -- Infanterie-joernaal

"Enige skip kan 'n mynveër wees, maar net een keer." -- Vloot-handboek

"As jy 'n bomtegnikus sien hardloop, probeer om by te bly. -- Infanterie-joernaal

BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Die hele Kalahari-alfabet!

Nou toe nou! Hier duik die res van die Kalahari-alfabet in die pos op, en dit kom van my eie oom Gert Becker van die plaas Donkiekraal - doer in die Kalahari, noord van Upington, waar ek as kind my vakansies deurgebring het.

Oom Gert was my held. Hy is al by die 90, maar sy dogter Nina Schoeman het hom vir ons aangetree om die alfabet weer op te sê. Wys jou net: Daai tyd se kinders onthou wat hulle op skool geleer het! Dankie, Nina!

Hier volg die rympie:

A staan vir aap
B is 'n bees
C was amper 'n sekel gewees
D is 'n donkie, hy skop agterop
E is 'n eend met 'n bles voor sy kop
F is oom flip met 'n pyp in sy mond
G is 'n graaf, hy boer in die grond
H is 'n huisie wat 'n vuurtjie in brand
I is ivoor van 'n olifant se tand
J is 'n juk vir die osse se nek
K is 'n kalfie wat eendag moet trek
L is 'n lepel en
M is 'n mes
N is die vaam vir 'n voëltjie se nes
O is 'n os met 'n riem om sy nek
P is 'n perd
Q is somer 'n O met 'n stert
R is 'n roosboom en
S is 'n slang
T is 'n tier wat 'n kalfie wil vang
U is 'n uurwerk, ons sê vir hom klok
V is 'n varkie, hy staan in die hok
W is 'n wolkie daar bo in die lug
X is somer 'n kruisie, hy lê op sy rug
Y is 'n yster, hy deug vir 'n paal
Z kry ons glad nie in die Afrikaanse taal.

Akkommodasie (Bethlehem)

Jou nommereen-keuse vir elegante akkommodasie, raaksmak ontbyten en persoonlike diens.

Ten volle toegeruste gastehuis. Alle fasiliteite is privaat. Die beste waarde vir jou geld - van R150 per persoon wat deel. Kontak Linda, Posbus 1970, Bethlehem. Tel. 058 3036319 / Faks 058 3033944. E-pos: linda@gooseberry-lodge.co.za

Namakwaland

Namakwaland Blommetoer 18 tot 27 Augustus 2010.

Kom toer saam met ons vir die ondervinding van 'n leeftyd. Ons besoek plekke soos Augrabies, Pella, Springbok, Port Nolloth, Skilpad, Klawer en vele meer. Ons reis per luukse bus en gaan in die beste plekke tuis. Die tarief is R6600 per persoon wat deel en dit sluit vervoer, slaapplek, ontbyt, aandete en toegangsfooie in. Skakel 0829011154. gerhardpienaar@telkomsa.net

Het jy geweet dat dolfyne so slim is dat hulle binne 'n paar weke nadat hulle gevange geneem is, mense kan leer om op die rand van die swembad te staan en vir hulle vis te gooi?

'n Vol hysbak ruik heeltemal anders vir 'n dwerg.

Ek het nie gesê dis jou skuld nie - ek het gesê ek blameer jou.

AGTEROS

BOSPIKKEWYNE

. . . sien neer op ordinêre
mynwerkers, maar is nie
skaam om
mynveiligheidshelms te dra nie
(gewoonlik blou geverf en
behorning)

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

AGTERGROND:

My goeie vriend en kollega Nico gooi oppe dag vir my 'n laaang e-pos: "Waar woon jy, VREDENDAL of VREDENBURG?"

So beantwoord ek sy oordrewe nuuskierigheid met 'n eenvoudige "VREDENBURG, hoekom?"

Weet hy vir my te vertel een van sy proseeders het teenie Weskus kom vakansie hou ennie man is so verlief oppie omgewing dat sy begerentheid is om te verhuis - weet ek nie altemit van 'n fakkentiere innie nabytes nie?

Laat weet ek toe terug lat ons nie eintlik bospikkewyne innie Wes-Kaap wil hê nie.

Wil Nico weet waffer ding isse bospikkewyn en die proseedder wil oppie koop toe ook nog weet of onsie dalk vannie selle boom verstam nie, want sy ma was 'n nooi Dippenaar.

En dis toe wat ek die verduideliking saamgeflans en vir Jats Nico ingelig het.

□ □ □ □

Beste Nico

Verduidelik tog aan die stomme vent (stadig, soos enige ander persoon sou doen wat met 'n Blou Bul-ondersteuner gesprek sou wou probeer voer!) dat 'n pikkewyn 'n seevoëlspezie is wat net aan die kus voorkom.

Loop en lyk net soos 'n non, maar is nie 'n belydende Katoliek nie! Kranige swemmer en bedrewe jagter van sy stapelvoedsel – klein vissies.

'n Bospikkewyn daarteenoor, is enige persoon uit die Noorde wat teen die kus wil kom hervestig (of kuier!) en het een of meer van die volgende uitstaande kenmerke:

Gewoonlik geklee in "two tone" hempie met 'n prentjie van een van die Groot Vyf op die sak;

Ry arrogant rond in 'n 4x4 wat styf onder die een arm vasgeknyp word;

Ken nie die verskil tussen pad en strandgebied/duine nie;

Hengel met koffiemeul katrolle van die rotse af en gebruik pap, mielies en erdwurms as aas;

Is hoofsaaklik turbo Klippies-en-Coke aangedrewe;

Sien neer op ordinêre mynwerkers, maar is nie skaam om mynveiligheidshelms te dra nie (gewoonlik blou geverf en behoring);

Het "Liefeling" verhef tot die amptelike Noordelike Volkslied;

Snuif saam met Joost van 'n hoer af, maar gee hoogheilig op dat hy nie van die vloer af eet nie;

Toon ooglopende gebrek aan kultuur: polities korrek – "Culturally disadvantaged";

Kan nie onderskei tussen 'n 5 liter papsak en 'n buffelbul se balsak nie;

Gedeelte tussen die neus en die ken groter as die ooreenstemmende gedeelte van die heer Julius Malema se anatomie!

Wetenskaplik is verder bewys dat die pikkewyn soms (by hoë uitsondering) tog uit die bos verwyder kan word, maar geen gevallestudie het tot dusver oortuig dat die bos suksesvol uit die pikkewyn verwyder kan word nie.

□ □ □ □

Die familie kwessie? Ek twyfel sterk! 'n Deeglike navorsing van die Dippenaar-stamboom het sonder twyfel onthul dat:

Opreggeteelde Dippenaars nooit in die bos kan aanpas nie;

Opreggeteelde Dippenaars WP-rugby fanaties ondersteun, ongeag die uitslae van die wedstryde;
Opreggeteelde Dippenaars `n fyn sin vir die kulturele gebruike van die beskawing het;
Opreggeteelde Dippenaars kompas bedrewe is en gevolglik nooit die pad sou byster raak tot in die Noorde nie;

Opreggeteelde Dippenaars (selfs die wat in reïnkarnasie glo!) nooit as te nimmer die gestalte van `n bospikkewyn sal aanneem nie – nie eens vir `n "fancy dress ball" nie;

Opreggeteelde Dippenaars verval nie in volksvreemde, Noordelike, semi-barbaarse gewoontes en gebruike nie;

Opreggeteelde Dippenaars ken hulle stamboom en gaan nie op "fishing expeditions" om identiteitskrisisse te oorkom nie!

Familie? "I rest my case!"

Weskus-groete van myself en al die pikkewyne!

Dippies

VOLGENDE UITGAWE 19 APRIL 2010